17 Februarie 2010

OUEROMSENDBRIEF 6/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

SAMEWERKING VIR OPVOEDING

Verlede week is die opvoedingsproses en volwassewording aangespreek en die rol van die ouer daarin uitgewys.

Die uitgangspunt oor skool-ondersteuning is dat onderwysers en ouers/voogde bloot lede van een liggaam is wat die skool ondersteun en in verskillende spanne en soms saam funksioneer. Onderwysers behoort te verstaan watter faktore die ouergemeenskap toets en andersom. Ouers en onderwysers behoort mekaar te ondersteun: Hul betrokkenheid gaan immers oor die opvoeding van leerders.

In die proses van betrokkenheid behoort inligting wedersyds uitgeruil te word sodat besluite oor hulp makliker kan plaasvind. Omsendbriewe, die Klikbek en die webwerf van Bakenkop is direkte kommunikasielyne wat aangevul word met persoonlike gesprekke, oueraande en skriftelike mededelings.

Barbara Sher het dalk raad oor onderwysers- en ouersamewerking as sy sê: The amount of good luck coming your way depends on your willingness to act.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A, H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N. H U L O N D E R S T E U N D I E S K O O L G E R E E L D. S ê U I S ‘ N O U E R V A N B A K E N K O P A S U ‘ N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N D I E S K O O L K R Y ‘ N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0 K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K). *T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0*

2. LIEF EN LEED

Ons innige empatie met Justin Erasmus graad 3/2, sy oupa is oorlede.

Ons wens Werner de Jager, graad 4, sterkte toe met die aangroei van sy bobeen - hy was in 'n ongeluk betrokke op die kruising van Theuns van Niekerk en Hendrik Verwoerdrylaan.

3. JUANITA DU PLESSIS-AANBIEDING

Die voorlopige syfers toon dat meer as honderdduisend Rand met die poging ingesamel is. Ek dink na kostes van meer as R60 000.00 is dit 'n verdienstelike inkoste, 'n veer in die hoed van elkeen wat 'n bydrae gelewer het. Ouers en personeel het met hierdie funksie lekker hande gevat en hartlik saamgewerk. Ek moet Izette Grimzell en haar span uitsonder wat met entoesiasme almal betrek het. Dankie Izette, jy en jou mede graad 7-ouers was vir ons 'n voorbeeld van onbesorgde samewerking.

Selfs al het u net die sangaand bygewoon, u bydrae het 'n verskil gemaak.

Baie dankie !

Die wins sal volgens Beheerliggaam besluit aangewend word om die salaris van 'n vierde graad 4 personeellid vanaf April 2010 te betaal. Die aksie bring al die klasse se getalle onder dertig. Onderwysmense dink dit is baie ideale onderwysomstandighede !! Die graad 1 word sover moontlik onder 25 leerders per onderwyser gehou en graad R'e minder as 20 leerders per onderwyser.

4. VEILIGHEID VAN LEERDERS

Die veiligheid van leerders is vir die skool belangrik.

Die volgende reëlings is nie nuut nie maar word herhaal:

- **Leerders wat nie binne 30 minute nadat die skool uitgekom het, afgehaal is nie, word na die naskool geneem deur die personeellid aan diens. Die personeellid skryf hul name in die skrif wat die naskool-departementshoof hiervoor aangelê het. Leerders word dan in die sorg van die naskool gelaat. Rekenings sal uitgereik word vir kos en dienste gelewer deur die naskool.**

- **Teken asseblief u kind by die naskool uit. Die uitteken word weekliks kontroleer. Die naskoolpersoneel werk in opdrag, moet hul nie kwalik neem nie.**
- **Naskool-ouers teken ook hul kinders uit, elke dag, ter wille van leerderveiligheid.**

Die skool vra u samewerking in die verband.

5. GESINSWERKSWINKEL 6 MAART 2010

Onderwerp: "SELFBEELDONTWIKKELING BY LAER- EN HOëRSKOOLKINDERS"

Aanbieder: Bertie Hanekom van Perspektief Opleidingskollege, Potchefstroom

Tyd: 09:00 - 12:00

Plek: LAERSKOOL BAKENKOP, Underbergstraat, Wierdapark

Koste: R50 per persoon. (Sluit tee en verversings in)

Vir meer besonderhede: noodlyn@gkwp.co.za

sms: Pietie Brink by 082 468 1420

6. SENIOR KOOR

27 Februarie	**-**	**Oefen en pretdag : 09:00 tot 12:30. (Elke koorlid het 'n brief met inligting ontvang, stuur asb. die skeurstrokie en R65.00 vir Juffrou Chanel Gouws.**
22 April	**-**	**Notepret aand.**
17 Mei	**-**	**Autumn Concert**
2 Junie	**-**	**Kultuur aand.**

Almal wat hempies bestel het moet asb. R60.00 inbetaal by juffrou Chanel Gouws.

Koorlede wat nog nie die R20.00 vir die koorfonds betaal het nie, kan dit vir juffrou Chanel Gouws bring asb.

Ons benodig die hulp van 2 mammas vir toesig op Saterdag, 27 Februarie. Laat weet asb. vir juffrou Mandi Kotze indien u kan help.

7. GRAAD 1 NETBAL (BALVAARDIGHEDE)

Ons oefen elke Dinsdag en Donderdag vanaf 13:00 tot 13:40. Al die Graad 1 dogtertjies is welkom! Trek enige gemaklike kort broekie en t-hempie aan. Bring ook jou tekkies saam.

8. ATLETIEK

19 Februarie	**-**	**Atletiek : Distrikbyeenkoms Pilditch Stadion**
26 en 27 Februarie	**-**	**Atletiek : GISSA TBC : Gauteng Skole (Germiston stadion)**

- 4 -

19 en 20 Maart	**-**	**Atletiek: Nasionale kampioenskap – (Oos Londen)**

9. PRAATJIE DEUR IVY SUTTON

<u>Geniet jou man</u>

PLEK : Laerskool Bakenkop
DATUM : 4 Maart 2010
PRYS : R100 per persoon

Deure open 18:30
Navrae : 082 4588831

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF